

In die eg verbind Moenie 'n man of vrou op hulle baadjie takseer nie

• AGS Kerk Heilbron

W el Vrydagaand, 29 Februarie 2020, is dit weereens bewys. En Willie en Christeen Cronjé het eerste-handse ervaring daarvan hier in ons mooi ou Heilbron opgedoen.

Die Jeug van AGS Heilbron het besluit om 'n "Boemelaarsaand" te hou vir fonds-insameling. Elkeen moes 'n kaartjie van R15 koop om 'n kans te hê vir die pryse en in ruil vir sy R15 het hy/sy 'n "Bunny Chow" en koeldrank gekry en goeie geselskap vir die aand. Natuurlik moes ons, ons opdrag uitvoer wat ons kry in Mattheus 28:19, deur gedurig deur van Jesus se liefde en genade te praat.

Oom Willie het dan die volgende vraag gevra: Was Job 'n boemelaar? Die antwoord is stellig nee. Job was 'n man na God se hart. Met daardie stelling het hy (Oom Willie) ons almal herinner dat dit net genade is dat ons nie almal boemelaars is nie. Omdat ons so begenadig is het ons 'n taak, naamlik om Jesus Christus aan hierdie boemelaars te verkondig. En weet u wat, hy kan nie vir hom enige slegte goed gaan koop met Jesus wat ek en jy met hom deel nie.

Willie en Christeen se ondervinding is soos volg: Hulle is aangetrek soos "Boemelaars" vir die aand. Hulle ry seker so na 9 die aand huistoe, want Willie moet patrollie gaan staan. By die patrolliepunt verby, breek die bakkie. Willie klim uit om te kyk wat die probleem is, Christeen klim uit om gereedskap aan te gee, en toe gebeur

dit Daar stop 'n medeboer, want hy het die bakkie herken, maar groot was sy verbasing toe hy die mense van die bakkie sien. Dit is nie al nie. Die Polisie stop om te hoor wat is die probleem, en nou ja, albei hulpverleners kry 'n lag in toe hulle die mense sien.

Net soos Willie en Christeen, het baie ander ook koppe laat draai. Ons sê BAIE, BAIE dankie vir almal wat daar was, dit was baie lekker om julle daar te kon hê. Diegene wat pryse geskenk het, vreeslik baie dankie, dit was die beste pryse wat ek in 'n lang tyd gesien het.

Meer as alles, alle dank aan Ons Hemelse Vader wat dit vir ons so 'n geseënde aand gemaak het.

DANKIE JESUS



Martin & Nadia Botes is die 15de Februarie 2020 in die huwelik bevestig by Donsveertjie. Foto erkenning: Dawie Fourie



Kennis is getoets by Dienssentrum



Dienssentrum-lede hou 'n vasvra by Huis Bron-van-Heil op 10 Maart 2020 in die rooi sitkamer en almal het dit baie geniet. Die deelnemers is só skerp dat daar nie een vraag is wat hulle nie kon beantwoord nie. Op 11 Maart het die lede weer kettie geskiet. Volgende week sluit die Dienssentrum vir die skoolvakansie met 'n fliek. Die Dienssentrum open weer DV op 7 April.

Briewe aan: Redakteur

Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell van Huis Bron-van-Heil gerig aan die Redakteur.

Wat maak 'n gebed so anders as ander gesprekke?

Jy het nie nodig om 'n afspraak te maak nie.

Die lyn na boontoe is nooit beset nie.

Daar is nooit te veel besoekers nie:

Die Hoorder is nooit te besig nie.

Hy is nooit uithuisig nie.

Hy stuur jou nooit weg nie.

Hy val jou nooit in die rede nie.

Hy luister nooit met 'n halwe oor nie.

Hy vergeet nooit jou versoekes aan Hom nie.

Hy is nooit raadop nie.

Hy word nooit moeg nie.

Hy is nooit in 'n slegte bui nie.

Hy ag niks as onbelangrik nie.

Sy oor is nie te swaar om te hoor, en

Sy Hand te kort om te help nie.

"Roep My aan in die dag van benoudheid:

Ek sal jou help en jy sal My eer".

Psalm 50:15

Bron onbekend

Omstandighede kan nie die getrouheid van die Here wegvat nie. Al gaan jy deur "riviere" dit sal jou nie oorspoel nie, en die "vuur" jou nie skroei nie.

Bron onbekend.

As 'n kindjie gebore word, het sy moeder hom so lief op daardie oomblik. Is hy of sy vir haar terug lief? Nee, want sy moeder se liefde is vir hom of haar genoeg.

Die Here Jesus het jou só lief. Hy't jou eerste lief gehad. Hy word nie Liefde nie, want Hy is Liefde.

Bron: Danie Botha

Ingestuur deur Heléne Howell

Ons hardloop mos van die een funksie na die ander, dan sê die mense: "Dis darem 'n "smart" outjie daardie" Ons werk mos altyd so hard aan ons selfbeeld.

Bron: Danie Botha

Ingestuur deur Heléne Howell.

